higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 2

24 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1	1.1.1	C
	1.1.2	B
	1.1.3	C
	1.1.4	D
	1.1.5	A
	1.1.6	A
	1.1.7	C
	1.1.8	B
	1.1.9	C
	1.1.10	C

(10 × 1) (10)

1.2	1.2.1	Onwaar
	1.2.2	Waar
	1.2.3	Onwaar
	1.2.4	Onwaar
	1.2.5	Onwaar
	1.2.6	Waar
	1.2.7	Waar
	1.2.8	Waar
	1.2.9	Onwaar
	1.2.10	Waar

(10 × 1) (10)

1.3	1.3.1	E
	1.3.2	H
	1.3.3	A
	1.3.4	I
	1.3.5	B
	1.3.6	D
	1.3.7	C
	1.3.8	F
	1.3.9	K
	1.3.10	G

(10 × 1) (10)
[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Operante kondisionering (2)

2.2
- Deur op ’n kind te skree wat hom of haar swak gedra
- Deur hulle te dwing om ’n onaangename taak te verrig wanneer hulle hul wangedra
- Om ekstra take en verantwoordelikhede te gee wanneer hulle versuim om die reëls te volg
- Om ekstra werk te gee aan studente wat vergeet het om hul werkopdrag in te lewer
- Puntestelsel: ’n Kind se naam word op die swartbord geskryf met ’n merkie langsaan vir swak gedrag. Elke keer wat die negatiewe gedrag vertoon word, plaas jy nog ’n merkie langs die naam. As goeie gedrag vertoon word, verwyder jy ’n merkie. As die dag eindig met geen merkies langs die naam nie, kry hulle ’n beloning.
- Spelonderbreking/Afkoeltyd (‘time out’)
- Om sinne of opstelle te skryf: Dit word as ’n vorm van positiewe straf gebruik en is ’n effektiewe vorm van dissipline.
- Aarding (‘grounding’):
- Ekstra studietyd: Dit is nog ’n doeltreffende vorm van positiewe straf, veral wanneer dit verband hou met versuim om skoolwerk te doen of wangedrag in die klas. (Enige 3 × 2) (6)

2.3 2.3.1 Negatiewe versterking
2.3.2 Positiewe versterking
2.3.3 Negatiewe straf
(3 × 2) (6)

2.4
- Modellering vind plaas wanneer mense die gedrag van iemand anders naboots deur dop te hou wat hulle doen en dan later in die lewe dieselfde op te tree.
- Dit behels die herhaling van die gedrag, gesindhede en emosionele response van die persoon wat jy naboots. (2)

2.5 Die onderwyser kan stap vir stap wys hoe om ’n probleem op te los en daarna probeer die studente self om die tweede probleem op te los. Deur die eerste probleem saam te doen, kan ’n onderwyser aandag gee aan wat studente moet doen en wat hulle nie moet doen nie. Studente sal onmiddellik snap en kan inderwaarheid die stappe sien wat hulle behoort te volg.

Deur eksplisiet te wys waar jy jou besittings moet bêre en jou te versoek om jou notaboek te kry en met die oggend se werkopdragte te begin, verseker dat die dag suksesvol begin.

Roetine is belangrik vir kinders, veral diegene in die vroeë grade. Selfs al verstaan hulle nie alles nie, sal hulle die roetines onthou en trots daarop wees om dit te voltooi. Dit sluit in om in ’n ry te staan vir middagete, en huiswerk in te lewer. Samewerking in klein groepe behoort in ’n roetine gemodelleer en gestandaardiseer te word. Roetines is deurslaggewend vir doeltreffende klaskamerbestuur. Dit bespaar tyd, verbeter gedrag dramaties en hou die studente gefokus op leer.

Onderwysers kan visuele beelde gebruik om te wys wat hulle van hul studente verwag.

Effektiewe en konsekwente modellering in die klaskamer is inderwaarheid eenvoudig as jy die volgende drie stappe ken:

Ek doen iets. Jy kyk.
Ons doen iets tesame.
Jy doen iets. Ek kyk.

Steierwerk in die klaskamer verwys na die rol wat onderwysers in kinders se opvoeding speel. Onderwysers daag hulle uit om meer te leer en verleen ondersteuning namate die leerproses verdiep. Steierwerk en modellering in die klaskamer beteken dat jy kinders help om van punt A na punt B te beweeg wat hul begrip en vaardigheidsontwikkeling betref.

Weet wat jy wil hê. ’n Duidelike beeld word in suksesvolle modellering omgesit.

Wees een van die studente. Wys hulle wat jy van hulle verlang deur dit self te doen, asof jy een van hulle is. (Enige 3 × 2) (6)

2.6
- Bevorder genieting van leer.
- Moedig sosiale interaksie aan.
- Verbeter kinders se gedrag.
- Versterk geheue.
- Beïnvloed maniërisme.
- Brei kennis uit.
- Dit help om ’n ondersteunende omgewing in die klaskamer te skep.
- Die samelewing is een van die beste leerskole vir alle mense.
- Dit help die kinders om hul gedrag te verbeter.

(Enige 2 × 2) (4)

2.7 Informele leer is 'n ongeorganiseerde tipe leer wat nie formeel omskryf is nie. Dit vind meestal plaas by die huis, werk en by sosiale byeenkomste. Sosiale media speel ook 'n rol. Informele leer vind plaas op sosiale platforms soos Facebook, LinkedIn, tydens dinkskrums met portuurs, deelname aan aanlyn forums, lees (artikels, boeke, blogs, vasvraprogramme, ens.). (4)

[30]

VRAAG 3

3.1
- Jy sal leer om te aanvaar wie jy is.
- Dit help jou om nie aan jouself te twyfel nie.
- Dit versterk ons selfvertroue.
- Dit maak dit makliker om die regte keuses te maak.
- Jy leer om jouself vryelik uit te druk.
- Dit is 'n manier om jouself lief te kry.
- Deernis vir jouself kan makliker beoefen word.
- Erkenning van jou ware self.
- Dit gee jou die moed om nie om te gee as iemand nie van jou hou nie.
- Dit help jou om jou vrees te bowe te kom.
- Selfbewussyn is deurslaggewend om jou verhoudings te verbeter.
- Dit help jou om te bepaal wat jy in die lewe wil bereik. (Enige 3 × 2) (6)

3.2
- 'n Toename in selfbewussyn lei tot 'n beter begrip van jou sterk punte en bevoegdhede en versterk emosionele intelligensie.
- Dit sal tot sukses en vervulling in jou loopbaan lei.
- Dit sal jou help om vas te stel hoe jy by 'n span inpas.
- Dit sal jou help om te verstaan wat jou motiveer.
- Dit kan help om jou besluitneming en 'n klomp ander vaardighede te verbeter wat jou help om 'n geskikte loopbaan te kies.
- Groter bydrae
- As jy jouself ken, ken jy jou sterk punte.
- Groter werksbevrediging (Enige 2 × 2) (4)

3.3
- Eiewaarde beïnvloed leer omdat dit groot motiveringskrag het.
- Vrees vir mislukking kan jou ontmoedig as jy 'n lae eiewaarde het.
- Mense met lae eiewaarde is dikwels afhanklik en defensief.
- Hulle is ook baie krities ten opsigte van hulself en kritiseer dikwels ook andere.
- Hulle hou hulself dikwels besig met sosiale vergelykings.
- Hulle verwag om eerder te misluk as te slaag.
- Vermy nuwe dinge of is bang om nuwe dinge aan te durf.
- Weier om te probeer of gooi tou op nadat hulle 'n fout gemaak het.
- Al die bostaande is nadelig vir leer. (Enige 3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

3.4
- ‘’n Wenner is ’n dromer wat nooit tou opgooi nie.’
- ‘Jy kan resultate of verskonings hê; jy kan nie albei hê nie.’
- ‘As jou kring jou nie inspireer nie, het jy nie ’n kring nie, maar ’n vanghok.’
- ‘Groot prestasies word nooit uit gemaksones behaal nie.’
- ‘Rus as jy moet, maar moenie stop nie.’
- ‘Sukses is die beste wraak.’
- ‘Drome weeg meer as verskonings.’ (Enige 3 × 2) (6)

3.5
- Inisiëring: wat jou gedrag inisieer of aan die gang kry.
- Rigting: Dit waarop jou handelinge gerig is om te bereik
- Intensiteit: Hoe graag jy jou doel wil bereik
- Volharding: Hoe lank jy met jou handeling behoort aan te hou (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 4

4.1
- Eerlik
- Gedrewe
- Energiek
- Selfversekerd
- Ambisieus
- Liefde vir jouself
- Mededingend
- Neem risiko’s (Enige 2 × 2) (4)

4.2
- Aktiwiteit
- Gereeldheid
- Aanvanklike reaksie
- Aanpasbaarheid
- Intensiteit
- Gemoedstemming/bui
- Afleibaarheid
- Volharding en aandagspan
- Sensitiwiteit (Enige 4 × 1) (4)

4.3
- Opgeruimd: ’n Persoon wat lighartig, spontaan en selfversekerd is, en van pret en plesier hou
- Koleries/prikkelbaar/opvlieënd: ’n Persoon wat die potensiaal besit om ’n goeie leier of ’n destruktiewe diktator te wees
- Melankolies: Iemand wat bedagsaam en vol begrip is, maar dikwels oorweldig voel deur die gewig van die wêreld op hul skouers
- Flegmaties: ’n Persoon wat betroubaar, getrou of lui is. (4 × 2) (8)

4.4 4.4.1 Idealiste is kreatief, sorgsaam en warm. Hulle leer goed in situasies waarin leer waardes, idees en stories behels.

4.4.2 Rasionaliste is onafhanklik en mededingend en stel nie werklik belang in hegte verhoudings nie. Hulle leer goed in situasies waar hulle informatiewe lesings ontvang en ná die tyd meer kan uitvind.

4.4.3 Ambagsmanne is impulsief en leef in die oomblik. Hulle is baie energiek. Hulle leer goed in situasies wat hulle in staat stel om deur middel van handeling te leer.

(3 × 2) (6)

4.5 4.5.1 Ekstroverte geniet, is op soek na en neem deel aan sosiale interaksies, terwyl introverte geneig is om teruggetrokke en terughoudend in sosiale omgewings te wees. Hulle verkies dikwels om sosiale situasies geheel en al te vermy.

4.5.2 Denkers neem besluite rasioneel en op grond van feite en objektiewe kriteria, en gebruik logiese ontleding om probleme op te los, terwyl sentimentaliste besluite neem op grond van hul persoonlike waardestelsel en sosiale oorwegings. Hulle gee aandag aan hul eie morele kompas en die gevoelens van ander mense om te bepaal wat reg en verkeerd is, en stel minder in die koue, harde feite belang.

(2 × 4) (8)

[30]

VRAAG 5

5.1
- Om te veel koolhidrate te eet
- Angs
- Stres
- Gebrek aan slaap
- Rook
- Dwelmmisbruik
- Alkoholmisbruik
- Fisieke toestande (Enige 6 × 1) (6)

5.2
- Oefening en om jou brein uit te daag. Oefening hou baie bewese voordele in, en dit blyk dat gereelde fisieke aktiwiteit voordele vir die brein inhou.
- Beskerm jou kop teen besering.
- Bestuur stres en depressie.
- Ontspan en beoefen goeie slaapgewoontes.
- Gaan gereeld vir mediese ondersoeke.
- Moenie rook of enige dwelmmiddels gebruik nie
- Gesonde eetgewontes (Enige 2 × 2) (4)

5.3
- Sig
- Gehoor
- Aanraking
- Reuk
- Smaak (Enige 4 × 1) (4)

5.4
- Kennis
- Begrip
- Toepassing
- Analise/Ontleding
- Sintese
- Evaluering (6)

5.5
- Laerorde-denke behels kennis, begrip, toepassing en ontleding.
- Hoërorde-denke behels sintese ✓✓ en evaluering. (2 × 2) (4)

5.6
- Persepsie is ’n proses waarvolgens ons betekenis aan ons omgewing verleen deur sensoriese indrukke te organiseer en te interpreteer.
- Persepsie skep nie net ons ervaring van die wêreld om ons nie, maar stel ons ook in staat om in ons omgewing op te tree. (2)

5.7
- Visueel-perseptuele probleme
- Ouditief-perseptuele probleme
- Aandagpersepsieprobleme
- Miopie
- Versiendheid
- Sensories-neurale doofheid
- AGHS (Enige 2 × 2) (4)
- **[30]**

TOTAAL: 150